# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**16 April 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Erediens:**

**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 118-1:12,14 en Skrifberyming 18-3:6,7,8,9
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40
**Gebed**
**Skriflesing:** Kolossense 2:20-3:17
**Sing:** Lied 415:1,2,3
**Fokus:** Kolossense 3:1-4
**Preek:**



**Tema:**
*Dink aan die hemelse dinge.*





**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 18-6:1,2,3,4,5
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Noord-Vrystaat Bedieningsfonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 2
23 April: Wyk 3
30 April: Wyk 4



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens beskikbaar. Ons teedrinkplek het verskuif na die groot saal waar ons gewoonlik ons gemeente-etes het. Dit is 'n bietjie opgeknap om 'n kuier atmosfeer te skep. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**BREË KERKRAAD VERGADERING:**
Die Breë Kerkraad vergader Maandag 17 April om 18:00 by die kerkgebou.

**VLAMVATSPAN BYEENKOMS – DINSDAG 18 APRIL:**
Die Vlamvatspan se maandelikse byeenkoms vind Dinsdag 18 April om 18:00 by die kerkgebou plaas.

# Net 'n Gedagte

**Hou aan doen wat jy moet doen in die Geloof (soos Noag). Moenie moeg word nie - werk, bou, bid, help, studeer, spaar, speel, sing, lag lees, maak reg en DINK. Volhard positief.**

***~ Ds. Neels Smit - Potchefstroom ~***

# Ek Verjaar!

Die volgende lidmate verjaar tot 22 April 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 17 April | Johan Reynders | 078 168 8960 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons is dankbaar dat dit beter gaan met sr. René van der Walt. Sy is nou in 'n gewone saal in Bloemfontein Medi-Clinic. Die pad na herstel gaan 'n lang en moeisame pad wees. Ons bid vir haar en br. Wallie (083 635 3727) krag en genade toe daarvoor.
- Sr. Susan Murray (072 444 8272) was die afgelope tyd twee keer in Bloempark hospitaal vir 'n nuwe lyn wat vir die dialise ingesit is. Ons bede is dat dit lyn nou goed sal werk en ons bid haar krag en genade toe waar sy steeds drie keer per week dialise kry.
- Sr. Marthie Kotze (083 388 0251) se kleinseun is twee weke gelede getroud. Baie geluk aan haar en haar familie.
- Ons deel in die Wasmüth-gesin se vreugde met Tyla-Ann (062 093 6146) se mooi prestasies in atletiek. By die Vrystaat skole-atletiekbyeenkoms het sy eerste plekke in beide die skyfwerp en gewigstoot vir dogters 0/17 behaal met 'n Vrystaat rekord in skyfwerp. Sy beklee tans die agste plek in die wêreld vir dogters 0/17. By die ASA junior kampioenskappe het sy 'n bronsmedalje in skyfwerp vir dogters 0/18 behaal.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

# Die Bybel

**[1] AS julle dan saam met Christus opgewek is, soek
die dinge daarbo waar Christus is en aan die
regterhand van God sit. [2] Bedink die dinge wat
daarbo is, nie wat op die aarde is nie. [3] Want julle
het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus
verborge in God. [4] Wanneer Christus, wat ons lewe
is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met
Hom in heerlikheid geopenbaar word.**

***~ Kolossense 3:1-4 (33-53 vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)
Attes Skriba:
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Facebook:** https://www.facebook.com/GKWelkom/
**Epos:** gkwelkom@telkomsa.net

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA